

SONDAG 22 Des 2002
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
AANDDIENS

LITURGIE

<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>Praat</u>	<u>Lengte</u>	
Lof en aanbidding				
Gebed				
Musiek 1	“Josef, Maria en Jesus storie” (Willie & Wanda)		2:30	01
	<p>Ja, dit het alles gebeur sodat die Woord wat die Here deur Sy profeet gesê het, vervul sou word: Die maagd sal swanger word en ‘n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem. Die Naam beteken: God by ons. (Mat 1:22-23).</p> <p>Sy sal ‘n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat Sy volk van hulle sonde sal verlos (Mat 1:21)</p> <p>“Kyk, hierdie kindjie is bestem tot ‘n val en ‘n opstanding van baie in Israel, en tot ‘n teken wat weerspreek sal word. So sal die gesindheid van baie mense aan die lig kom. En wat jou betref Maria, ‘n swaard sal deur jou siel gaan.” (Luk 2:34-35)</p> <p>Ja, hierdie kind was meer as net ‘n kind. Hy was Maria se kind en tog was Hy nie haar kind nie. Hy was God se kind. God se enigste Seun. Hy sou aan ‘n kruis sterf vir die hele wêreld se sonde. “Ja, wie so kon glo dat hierdie kind, wat lag en speel en sing, vir al sy maatjies in die buurt, en vir ons die lig sou bring?” sê die lied.</p> <p>33 Jaar later het hierdie selfde moeder langs die kruis gestaan. Toegekyk hoedat haar seun, God se Seun aan ‘n kruis sterf. En ‘n swaard het deur haar siel gegaan....</p> <p>Maar hoe dra ‘n mens hierdie boodskap oor aan kinders? Hoe leer hulle dat Jesus meer was as net ‘n baba in ‘n krip? Hoe leer ‘n mens vir hulle dat Hy baie groter is as wat hulle ooit kan dink. Groter as kersvader en persente. Sterker as die sterkste pappa? Jan de Wet doen dit so:</p>	2:30-		

Musiek (kinders) Musiek (Tieners)	“Baba in ‘n krip” (Lofliedjies 2) Ja, daardie nag het iets wonderliks gebeur. Die Koning van die groot heelal het ‘n mens geword op hierdie selfde aarde waar ons woon. Hy het die hemel verlaat om by ons te kom woon. Hy het mens geword. Vleis en bloed soos ons. ‘N Mens wat kan seerkry, liefhê, verloor, huil, lag, vriende maak, vriende verloor.... Snit 4 “Soekie & Radikids” Ja, Jesus is gebore vir oud en jonk: kinders, tieners, jongmens, ou mense.... Snit 6 “Soekie & Radikids”		0:37 :45 2:50	02 03 04
	Ja, wat ‘n geloofsbelydenis: Al was ek nie daar nie, ek weet dit is waar... Die wêreld vra bewyse. Hulle wil sien, anders sal hulle nie glo nie. Hulle glo nie in dinge wat hulle nie gesien het nie. En daarom sukkel hulle om in Jesus te glo. Jy kan Hom nie sien nie. Jy moet dit glo. En elkeen wat glo, sal gered word...	2:40-		
Musiek	“Kersfeeskind” (Cathy Viljoen) (REFREIN)		4:20	05
	Ja, Jesus het gekom om God se grootste droom en wens te laat waar word. Hy het gekom sodat alle mense met God versoen kan word. Hy het gekom dat sondaars ‘n nuwe lewe kan kry. Hy het gekom dat mense wat dood was, weer kan lewe. Dat mense wat alle hoop verloor het, weer kan glimlag. En deur die loop van 2000 jaar bied Hy hierdie geskenk aan vir mense uit alle tale en volke. Dag vir dag bied Hy Sy genade aan vir ‘n wêreld wat dit so bitter nodig het. Ja, dit is Sy grootste wens: dat elke mens Hom sal aanneem en Hom sal leer ken: die enigste Seun van God. En aan almal wat Hom aanneem, gee Hy die reg om kinders van God te wees. Hoe sou Maria ooit kon raai dat die baba wat sy in haar arms vashou, die HELE wêreld van hulle sonde sou verlos. Hoe sou sy ooit dink dat Hy die enigste pad na die Vader sou word? Ja, wie sou kon dink dat hierdie kind die Redder is?	1:35-		
Musiek	“Hierdie Kind” (Danie Botha & Marie du Toit)		3:00	06
	Ja, Kersfees gaan nie oor iets nie - dit gaan oor Iemand. Dit gaan oor ‘n Persoon. Jesus. Die Seun van God. En tog is daar so baie mense wat dit nie weet nie - of nie wil glo nie. Vir baie mense is kersfees net nog ‘n fees. ‘N Afdag. Kooptyd. Spandeertyd. Partytjetyd. En jaar na jaar mis hulle die boodskap van kersfees.	1:40-3:00	1:20+	

Musiek	<p>“Kersfeesliedjie” (Prophet) a</p> <p>Is dit nie hartseer nie? Is dit nie waarom ons lewens so leeg is nie?</p>	1:15-	1:45	07
	<p>“Kersfeesliedjie” (Prophet) b</p>		1:00	08
	<p>Hoe lekker om vanaand te weet waarom dit gaan. Hoe lekker is dit nie om Jesus te ken nie. Om vanaand te weet dat elkeen wat in Hom glo, reeds die ewige lewe het. Dan is kersfees werklik ‘n vreugdefees. Dan is daar baie rede om fees te vier en bly te wees.</p>			
Musiek	<p>“Kersfees is ‘n vreugdefees” (Jan de Wet)</p>		2:40	09
	<p>Ja, Jesus lê nie meer in die krip nie. Hy is lankal nie meer die Baba in die krip nie. Hy is die Verlosser aan die kruis, die Here wat opgestaan het, die Een wat nou aan die regterhand van God die Vader sit en saam met die Vader regeer oor die heelal.</p> <p>Dit maak ‘n mens bang. Dit laat jou skielik beseef hoe gevaarlik kersfees is. Wanneer jy kniel by die krip, kniel jy by die Koning van die Konings. Jy verskyn voor die Een wat hemel en aarde gemaak het. Jy buig oor die Een wat berge laat skud en opgaan in vuur. Dit laat ‘n mens baie klein voel.</p> <p>Kersfees is daarom ‘n tyd om stil te word. Doodstil. In aanbidding voor Hom is en en was en vir altyd sal wees.... El Shaddai. Elohim. Die God van hemel en aarde.</p>	1:13-		
Musiek	<p>“Wees stil” (Natasha)</p>		5:40	
Gebed		2:57-4:26	0:30	10
Slotmusiek	<p>Pie Jesus (Willie Joubert)</p>		4:20	

Slotgebed	<p>Heilige Jesus, Heer van die Here U is verhoog tot die hemeltrou ons bring U ere Christus die Here met heerlikheid is U gekroon.</p> <p>Toe het ek rondom die trou en die lewende wesens en die ouderlinge 'n groot menigte engele gesien. Daar was duisende der duisende, ja miljoene der miljoene. Ek het hulle hard hoor uitroep: Die Lam wat geslag is, is waardig om die mag en die rykdom, die wysheid en die sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang.</p> <p>Die hele skepping, alles in die hemel en alles op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die trou sit en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid.” (Opn 5:11-14)</p>	0:10-1:37	1:27	11
Slotlied	Ges 183:1-3			
Seenbede				